

Hoofstuk 5.

Die fisiese voorkoms van Potchefstroom teen 1880.

5.1. Algemene voorkoms.

Potchefstroom was ongetwyfeld een van die mooiste dorpe in Transvaal en het 'n groot aantal inheemse en uitheemse blomme en bome gehuisves. Van al die dorpe in Transvaal skryf Cachet "Men noemt Potchefstroom die bloemenstad van Transvaal" (1898, p.389).

As grootste dorp in Transvaal het Potchefstroom oor uitgebreide dorpsgrond beskik. Die dorp self was ongeveer twee kilometer lank en sy breedte ongeveer 800 meter. Die gebied rondom die dorp is as weiveld uitgehou wat tot voordeel van die dorpsbewoners was. Inwoners was geregtig om een span osse, tien koeie en 100 skape daarop aan te hou (Locale Wetten, 1849 - 1885, pp.85 - 89, Regulasies vir dorpe). Die dorp het reeds 'n eiendoms waarde van £300 000 gehad, 'n bedrag wat in latere jare aansienlik vergroot het as gevolg van dorpsontwikkeling en uitbreiding.

Verskeie besoekers aan Potchefstroom in die jare sewentig was lirieks oor die dorp se mooi ligging aan die oewers van die Mooiriver, wat verantwoordelik was vir sy groente-, boord- en boomrykheid en wat in sy geheel voorkoms soos 'n "large well - cultivated garden" daaruitgesien het (Becker, 1878, p.53; Holub, 1881, pp.160 - 165; Tromp, 1879, p.104).

Een verklaring vir die besondere mooi ligging van die dorp is dat dit uit die staanspoor met soveel sorg en aandag beplan en aangelê is.

5.2. Uitleg.

Die dorp is soos die meeste Voortrekkerdorpe op 'n roosterplan uitgelê alhoewel dit in die begin aanvanklik langer was as wat dit breed was. Potchefstroom is tans, ongeveer 142 jaar na sy aanleg, steeds aansienlik langer as wat dit breed is. Die rede hiervoor was dat erwe aanvanklik parallel met die rivier geleë was. Die oppervlakte van die gebied waarop die dorp aangelê is, was baie gelyk en die dorp het geredelik die vorm van 'n reghoek aangeneem. Die strate loop in die rigtings van die hoofwindstreke en kruis mekaar reghoekig.

Teen 1880 was daar vier lang, ewewydige strate wat noord- en suidwaarts gestrek het en wat deur kleinere straatjies verbind is. Oorwegend was die strate reguit en het die dorp in min of meer ewe groot blokke verdeel waarvan enkele as pleine uitgehou was. Die Ou Markplein en Nuwe Markplein is op hierdie manier afgesonder en laasgenoemde is weer op sy beurt deur Kerkstraat in twee afsonderlike pleine verdeel wat bekend gestaan het as Kerkplein (wes) en Markplein (oos).

Die grense van die dorp het as volg daaruitgesien: Die westelike grenslyn was Bergstraat (vandag Van Riebeeckstraat)

en die kerkhof aan dié kant van die dorp was as vêr buite die wesgrens beskou. Aan die teenoorgestelde kant was slegs enkele huise in Rivierstraat. Wasgoedspruit was as die verste noordelike grens en Du Plooystraat as die verste suidelike grens geneem (E.H. Jenkins, 1939, p.276; sien p.81). Verby hierdie grense het enkele dorpshuise en erwe verspreid gelê, onder andere die woning van oud-president M.W. Pretorius wat aan die Pretoriapad, noord van Wasgoedspruit, geleë was.

Die goed beplande en boomryke Potchefstroom het in 1880 oor n aantal indrukwekkende geboue beskik. Onder hulle was daar drie Hollandse- en twee Engelse kerke, n goewerment- en etlike privaatskole, twee banke, n drukkerij, verskeie hotelle, ten minste vier koringmeulens, etlike prokureurskantore en n groot aantal besighede en winkels (Cachet, 1898, p.389; sien p.81).

5.2.1. Erwe.

Die vernaamste sake wat met die aanlê van die dorp gepaard gegaan het, was die uitgee van erwe, voorsiening van water en die aanlê van strate.

In hoofstuk twee is daarop gewys dat erwe teen n redelike prys bekombaar was (sien p.12). Na die toekenning van n erf was die eienaar verantwoordelik vir die versorging en bewerking daarvan. Die omvang van erwe het gewissel en

hoewel hulle bepaalde vorm nie met sekerheid vasgestel kan word nie, is dit seker dat die hoekerwe vierkantig was. In grootte het erwe gewissel van 90 meter vierkant tot 200 meter vierkant (E.H. Jenkins, 1939, p.276; Winsloe, p.5). Van n dig bewoonde woonbuurt was daar geen sprake nie en n besoeker wat Potchefstroom in die laat sewentigerjare aangedoen het, het sekere beboude strate van Potchefstroom vergelyk met afgeleë paaie op die platteland van Engeland (Trollope, 1878, p.120).

Die meeste beboude erwe was langs die hoofstraat, Kerkstraat, geleë en het eenverdieping huise, wat met sorg aangelê was, gehuisves. Die oorgrote meerderheid huise was volgens die sogenaamde Nederlandse styl gebou en is as "elegant villas" beskryf. Wat destyds as elegant beskou is sal gewis nie vandag meer die beskrywing ontlok nie. Oorwegend het die woonhuise in die middel van die erf gestaan en was van rou-bakstene gebou. Die mure was met sement afgepleister en met kalk afgewit. Die dakbedekking was hoofsaaklik gras hoewel verskeie woonhuise ook sinkplaatdakke gehad het. Een of meer vensters was aan die voorkant van die huis ingebou, weerskante van die deur.

Alhoewel die vooraansig van die huise nie altyd indrukwekkend was nie, het die groot binneruimte daarvoor vergoed. Die meeste huise het bestaan uit n sitkamer, eetkamer, slaapkamer en kombuis. Hout- en in sekere gevalle rietplafonne was aan die orde van die dag gewees. Van die meer elegante woonhuise het gespog met meer as een slaapkamer en n lang

bedekte stoep vooraan die huis.

Buitegeboue op die erf het hoofsaaklik bestaan uit 'n stal, wat groot genoeg was om agt perde te huisves, 'n voersolder en smidswinkel wat vir eie gebruik instand gehou was. Sommige geboue het ook as pakhuis gedien, veral deur persone wat besighede besit het.

Meeste van die erwe was omhein alhoewel die stadsvaders dit nie verpligtend gemaak het nie. Slegs erwe wat gesaaides opgehad het moes omhein word (Dorpsregulasies, R563/53). Hieruit kan afgelei word dat dorpenaars landbou op dorpserwe beoefen het en verskeie produkte soos mielies, gedroogte vrugte en groente vir huishoudelike gebruik geproduseer het.

5.2.2. Armoedige Erwe.

In teenstelling met die elegante huise hierbo genoem, was daar in sommige dele van die dorp woonhuise wat heel eenvoudig en armoedig daaruitgesien het. 'n Besoeker aan die dorp het ondermeer die volgende oor die toestand berig "Now and again he (the visitor) will come across a cottage, hardly more than a cabin with half a dozen dirty children at the door. Such are the backstreets at Potchefstroom" (Trollope, 1878, pp.120 - 121). Dit dui daarop dat daar reeds teen 1880 sprake van 'n swak en gegoede woonbuurt in Potchefstroom was.

5.2.3. Tuine en Vrugteboorde.

Meeste van die "elegant villas" se prag het in die goedbewerkte tuine en vrugteboorde gelê. Elke erf het sy eie stuk uitgestrekte tuingrond gehad en was in die reël aan die voorkant van die huis geleë. Alhoewel nie veel aandag geskenk was aan blomme nie het struik en ongesnoeide roosheinings volop voorgekom en was dit veral roosbome wat om die meer deftige huise voorgekom het. Tuine moes ongetwyfeld mooi vertoon het aangesien besoekers aan die dorp so beïndruk was met sekere tuine dat hulle dit as skilderagtig bestempel het (Trollope, 1878, p.121).

Benewens die mooi tuine was daar ook groentetuine en vrugteboorde aangelê. Dit was veral die volgepakte vrugtebome wat die aandag getrek het en hoewel half-tropiese vrugte skaars in die omgewing was, was daar geen gebrek aan ander vrugtesoorte nie. Inheemse sowel as Europese vrugtebome het gesorg vir 'n groot verskeidenheid. Die plaaslik gedrukte *De Transvaal Argus* (13 September 1866) het die volgende oor die boorde berig: "Onze vruchtbomen zijn wit van den bloesem en beloven een overvloed van vruchten". In die somermaande het die bome swaar gedra aan vrugte en eienaars kon nadat hulle vrugte vir eie gebruik uitgehou het, die res bemark (Holub, 1881, pp.166 - 167). Van die vrugte wat in die boorde voorgekom het was vye, appelkose, waterlemoene, perskes en druiwe.

Die groentetuine het die daaglikse huishoudelike behoefte

voorsien van vars wortels, aartappels, pampoene, uie, kool en patats.

5.2.4. Watervore.

Met die oprigting van huise, die aanlê van vrugteboorde en groentetuine, moes ook voorsiening gemaak word vir die verskaffing van water. Die dorp self was na die bou van watervore van 'n netwerk van kanale en vore voorsien en elke huis was gekenmerk deur 'n watervoor wat voor die huis verbygevloei het. 'n Hoofwatervoor uit die Mooirivier gehaal, het aan die westekant van die dorp verbygevloei en dié deel van water voorsien. Die voor het sy oorsprong gehad op die hoogte van die huidige Potchefstroomdam. 'n Tweede watervoor uit die rivier het die oostelike gedeelte van die dorp van water voorsien. Vanuit hierdie twee vore het eienaars kleinere vore na hulle erwe aangelê en self gesorg vir die instandhouding daarvan (Regulasies voor die Munisipaliteit van die stad Potchefstroom, S.A. Argiefstukke, Tvl No 6, pp.295 - 303). Water uit die twee hoofwatervore was gratis en 'n gebrek aan water het die inwoners van Potchefstroom nie geken nie. Die sterk stroom het selfs in die middel van die winter oor genoeg volume beskik om al die tuine in die dorp te besproei.

Vir die dorpe het die aangelegde water net soos op die plase, in die dubbele behoefte van drinkwater en leiwatervore voorsien. Om die rede was streng bepalinge neergelê vir die skoonhou van vore (Regulasies voor die Munisipaliteit van die stad

Potchefstroom, S.A. Argiefstukke, Tvl No 6, pp.295 - 303; Stuart, 1854, p.214). Die versorging van die groot water-voor na die dorp was in die hande van die landdros gewees (Dorpsregulasies, Staatscourant, 2 Mei 1865) en hy het in regulasies die volgende bepaal: Daar moes tussen die straat en die watervoor n ruimte wees waarop die vee aangejaag kon word en geen veekrale was bokant watervore toegelaat nie. In die vore mag nie geswem of gewas word nie en vee of pluimvee was nie naby vore toegelaat nie. Persone wat die regulasies oortree het sou onmiddellik deur die waterfiskaal by die landdros aangekla word. Dit was ook aan die waterfiskaal opgedra om toe te sien dat geen persoon uit sy beurt natlei nie en dat vee wat skade aan vore aangerig het, geskut word.

n Groot probleem ten opsigte van die watervore was die feit dat hulle nie bedek was nie en die moontlikheid dat blare en ander vullis daarin kan beland, was groot. Dit het gelei tot voortdurende klagtes onder die dorpenaars. Sommige het gekla dat hulle tuine as gevolg van n gebrek aan water verdroog het en dat krale te na aan die vore gebou was (Landdros van Potchefstroom, Band 2).

Algaande het daar verbetering ingetree en is gepoog om die groot voorraad water van Potchefstroom tot nut van al sy inwoners te stel.

Die watervore was egter nie die enigste bron van water nie. Sommige huiseienaars het putte van twee tot vier meter op

hulle erf gegrawe om water vir huishoudelike gebruik te voorsien.

5.2.5. Strate.

Met 'n persoon se aankoms by Potchefstroom se noordelike ingang is die Pretoriapad omskep in "a beautiful avenue of weeping willows" wat van Wasgoedspruit tot in die middedorp gestrek het. Kerkstraat wat hier onder bespreking is, was die enigste noemenswaardige straat gewees en was van noord na suid aangelê. Soos reeds genoem was die meeste beboude erwe langs die straat geleë. Waar Kerkstraat die dorp in die suide verlaat het, was dit weer die pad na die Oranje-Vrystaat. Van die ander meer bekende strate in die dorp was Kruger-, Berg-, Gouws- en Rivierstraat wat parallel aan Kerkstraat geloop het. Sommige strate was ongeveer een-en-n half kilometer lank terwyl Kerkstraat een tot twee uur geneem het om te deurkruis (Pelzer, 1950, p.177).

Die strate was oor die algemeen wyd en belaan met amarante en wilgers wat strate plek-plek geheel en al in skadu gehul het. Aan die kant van die strate was die aangelegde water-vore en met die uitsondering van Kerkstraat wat in 1867 gegrui is, was die res baie sanderig gewees (Haasbroek, 1955, p.24). In somertyd het gras op dele daarvan so weelderig gegroei dat een kommentator beweer het dat besoekers aan die dorp hulle mag verbeel dat hulle op grasperke geloop het (Trollope, 1878, p.120). Hierdie strate het na elke groot reën bui in modderpoele verander, wat hulle tot groot

ontevredenheid van die dorpenaars, onbruikbaar gemaak het.

Klagtes oor die swak straattoestande het gedurig die lig gesien. Regulasies wat die landdros reeds in 1857 geproklameer het en wat teen 1880 nog steeds gegeld het, het onder andere bepaal dat die wykmeester moes toesien dat geen afval op strate voorkom nie en dat daar nie te na aan strate gejag word nie. Die neergooi van klippe en vullis in strate was verbode en oortreders van die regulasies sou ewe-eens as vir besoedeling van water by die landdros aangekla word. (Dorpsregulasies, Staatscourant, 6 November, 1857).

As 'n belangrike handelsentrum in Transvaal kon Potchefstroom dus nie met wafferse strate spog nie. Onder droeë omstandighede was die verkeer gangbaar maar in reënigerige weers-toestande het die verkeer feitlik tot 'n stilstand gekom tot groot ergenis van dorpenaars, handelaars en reisigers.

5.3. Geboue.

As oudste dorp in Transvaal en vooraanstaande handelsentrum was dit paslik dat Potchefstroom ook die middelpunt van sosiale bedrywighede sou wees. Potchefstroom het dan ook teen 1880 oor 'n groot aantal geboue, sake-ondernemings en woonhuise beskik waarvan enkeles hieronder bespreek word.

5.3.1. Regeringsgeboue.

In Potchefstroom het daar twee regeringskomplekse bestaan naamlik die landdros- en poskantoor aan die westelike kant van Markplein en die tronk en kruithuisie wat onderskeidelik aan die westekant van die dorp en aan die bokant van Potgieterstraat geleë was.

5.3.1.1. Die Landdroskantoor.

Die gebou is in 1870 opgerig en was geleë aan die noord-westelike hoek van Kerkplein (Kuijers, 1980, p.244). Die grasdakgebou was van bakstene gebou en het as setel gedien waarvandaan die landdros sy gesag uitgeoefen het. Die gebou se vooraangesig het bestaan uit vier vensters en drie deure. Soos afgelei kan word van die drie deure was die landdrosgebou in drie vertrekke verdeel gewees. Die regterkantse kamer het as landdroshof gedien terwyl die linkerkantse kamer die administrasiekantoor was. Die middelste vertrek het die landdroswoning uitgemaak. Vanuit die administrasiekantoor het landdros M. Goetz wet en orde in die dorp gehandhaaf.

5.3.1.2. Die Poskantoor.

Die poskantoor was langs die landdroskantoor aan die westelike kant van Kerkplein geleë en ook van bakstene gebou. Die poskantoor was onder toesig van die posmeester en was op weksdae tussen 09h00 en 15h00 oop waartydens posstukke

ontvang en afgelewer is. Vir die koop van seëls was verkooptye beperk tot tussen 09h00 en 12h00 en weer van 14h00 tot 15h00. Van telefone was daar in die tyd geen sprake nie en die telegram was op die punt om sy verskyning te maak.

Die tyd vir die vervoer van pos per poskoets tussen Potchefstroom en die volgende drie plekke was as volg: na Pretoria 31 uur, na Rustenburg 48 uur en na Marico 84 uur (Staatscourant, Augustus 1872 tot Desember 1873).

5.3.1.3. Die Kruithuisie en Tronk.

Die klein, vierkantige magasyn was geleë buite die dorp aan die bokant van Potgieterstraat. Die geboutjie, wat n belangrike rol sou speel in die Vryheidsoorloë, het reeds teen 1857 bestaan. Hoewel daar onsekerheid oor die presiese datum van oprigting is, kom die huisie voor op n plan wat Fred Jeppe in 1863 van Potchefstroom geteken het.

Die tronk was n vierkantige steengebou onder toesig van n sipier. Ook die gebou sou n belangrike rol speel tydens die gevegte in Potchefstroom.

5.3.2. Kerkgeboue.

Teen 1880 het Potchefstroom oor drie Hollandse kerke beskik. Die Nederduits Hervormde Kerk het op Kerkplein gestaan met die pastorie vlak by (sien p.81). Die kerkgebou was omring

deur n wal van ongeveer een-en-n-half meter hoog, wat van skietgate voorsien was. Die doel met die muur en skietgate was om indien vyandelikhede in die dorp sou uitbreek, dié kerkgebou as verdedigingspos in te rig. Die kerk was gekenmerk deur hoë mure, ongeveer vier meter hoog en het sitplek aan 400 mense gebied (Haasbroek, 1955, p.46). Die pastorie waarin dominee Van der Hoff gewoon het, het oor vier kamers, n spens en kombuis beskik. Die slaap- en sitkamer se vloere was, soos die mode van daardie tyd, uitgelê met leeu-, tier- en luiperdvelle.

Die Gereformeerde Kerk was in Kerkstraat op die ou Kerkplein geleë terwyl die Nederduits Gereformeerde Kerk op die noord-oostelike hoek van Potgieter- en Bergstraat geleë was. Albei hierdie kerke was van steen gebou en het plankvloere gehad. Die pastorie van die Nederduits Gereformeerde Kerk het op die noord-oostelike hoek van Potgieter- en Krugerstraat gestaan. Dominee J.P. Jooste, wat Potchefstroom vinnig met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog sou verlaat, het in die pastorie gewoon (sien p.96).

Die St Mary's Anglikaanse kerk was skuins oor die Kaapse Handelsbank in Kerkstraat geleë terwyl die Wesleyaanse kerkgebou, ook in Kerkstraat, aan die noordelike kant van die dorp geleë was. Eerwaardes W. Richardson en S.B. Cawood het onderskeidelik die twee gemeentes bedien.

5.3.3. Skoolgeboue.

Gedurende 1879 en 1880 vind ons in Potchefstroom drie tipes van skole naamlik die Distrikskool en ander regeringskole; die "Jooste-Ladies-Seminary" en die "Forbes-Eden-School" as ondersteunde skole van owerheidsweë en 'n aantal privaat-skole (Coetzee, 1939, p.182). As gevolg van die opening van verskeie privaat-skole en opvoedkundige inrigtings, het die Distrikskool se leerlinge in 1880 gedaal tot 71. Wat die ondersteunende skole betref het die "Ladies Seminary" as opvoedkundige sentrums vir jong dames gedien en was tydelik gehuisves in die konsistorie van die Nederduits Hervormde kerkgebou.

Die "Eden School and Musical Academy" was onder toesig van D.J. Forbes. Die skooltjie was op die Ou Markplein geleë en het afwissellend 34 tot 44 kinders onderrig (De Transvaal, 25 Oktober 1879). Nog 'n privaat-skool, die "English High School", het in 1879 sy deure geopen en was onder toesig van A. Temple.

Sedert die eerste skooltjie in 1852 in Potchefstroom geopen het (sien p.20), het die onderwys gestadig vooruit gegaan sodat die dorp in 1880 oor etlike skole en opvoedkundige inrigtings beskik het. Die dae waarin Potchefstroom sonder skole of onderwysers gesit het was vir goed verby en sou die onderwys in die jare na 1880 van krag tot krag gaan.

5.3.4. Openbare geboue.

Die groot aantal sakeondernemings het die dorp se ekonomiese vooruitgang geïllustreer en die meeste ondernemings was aan Kerkplein en Kerkstraat geleë. Die oorgrote meerderheid winkels was van stene gebou en het in die reël 'n gras- of sinkdak gehad.

Die winkel van F.W. Reid het op die noordoostelike hoek van Kerk- en Potgieterstraat gestaan en was een van die oudste geboue in die dorp. Langsaan was die onderneming van Hollins en Holder. Kavalier Forssman wat 'n leidende handelsfiguur was, se winkel en pakhuis was op die noordwestelike hoek van Kerk- en Lombardstraat geleë, regoor die drukkery van Borrius. Die winkel van J.R. Schikkerling was op die suidoostelike hoek van Greyling en Wolmaransstraat geleë. Benewens die vier besighede hierbo genoem, was daar ook etlike ander besighede wat verspreid in die dorp voorgekom het.

Die Kaapse handelsbank was op die noordwestelike hoek van Kerk- en Potgieterstraat geleë met meneer Booth as bestuurder. Die Standard Bank wat in 1877 sy deure in Potchefstroom geopen het, was aan Kerkstraat, tussen die besigheid van Hollins en Holder en die St Mary's Anglikaanse kerkgebou geleë. Meneer Smart, wat gedurende die Eerste Vryheidsoorlog deur die Boere op aanklag van verraad in hegtenis geneem sou word, was die bestuurder gewees.

Die Royal hotel, bekendste van al die hotelle in die dorp was op die suid-oostelike hoek van Kerk- en Lombardstraat geleë. Die hotel was 'n vergrote woonhuis gewees wat opgeknap is deur 'n grasdak en veranda voor aan die huis. 'n Biljartkamer is later tot die gebou toegevoeg en het menige besoekers gelok aangesien die spel op daardie stadium baie gewild was. Die hotel het goeie diens gewaarborg en was gelisensieerd om wyn en sterk drank te verkoop. Die Royal was in Kerkstraat een van die meer uitstaande geboue en het onmiddellik besoekers se aandag getrek.

Die Blue Post was ook aan Kerkstraat geleë, 'n paar honderd meter suid van die Royal, terwyl die Criterion hotel op die suidwestelike hoek van Gouws- en Wolmaransstraat geleë was. 'n Besoeker aan een van hierdie hotelle was hoogs in sy skik met die diens en die gebou as baie deftig beskryf (Trollope, 1878, p.118).

5.4. Samelewingsaspekte.

5.4.1. Die perswese.

Teen 1880 het Potchefstroom sy eie drukkery op die noord-oostelike hoek van Kerk- en Lombardstraat gehuisves. Die eienaar was J.P. Borrius en onder sy redakteurskap het De Transvaal weekliks in Potchefstroom verskyn. De Transvaal het hoofsaaklik die Hollandsprekende inwoners van die dorp ingelig oor gebeure terwyl The Advocate onder redaksie van Dr. Rutherford, die Engelse gemeenskap op hoogte van gebeure

gehou het (Kotze, 1934, p.381).

De Transvaal het in 1877 vir die eerste keer verskyn en was op Woensdae te koop. Die koerant het verskeie nuusberigte, kennisgewings en markpryse gepubliseer (De Transvaal, 1 Maart 1879; Vermooten, 1945, p.50). Die gereelde klagtes oor die toestande van die watervore en strate is ook gereedelik in die koerantjie opgeneem.

Voor die uitbreek van vyandelikhede in Desember 1880, het De Transvaal die Boere ondersteun in hulle lydelike verset teen die Britse bewind. Borrius het 'n kampsvegter geword vir die Boeresaaak en verklaar dat hy vir 'n saak gestaan het wat hy weet regverdig is. Met die aankoms van Kommandant P. Cronje in Potchefstroom op 15 Desember 1880, het Borrius die druk van De Transvaal gestaak om die vryheidsproklamasie te druk en het hierna ook die staatskoerant namens die Boere gedruk (Haasbroek, 1955, p.38). Om 'n rede onbekend het De Transvaal na die Eerste Vryheidsoorlog nie weer verskyn nie.

5.4.2. Medies.

Een van die groot probleme waaronder die Potchefstroomse gemeenskap gebuk gegaan het was die gebrek aan behoorlike mediese versorging. In Potchefstroom was daar teen 1880 geen hospitale of selfs 'n plek waar siekes verpleeg kon word nie. Hieruit blyk dit dat siekes beperk was tot tuisverpleging. In Potchefstroom was die enigste gekwalifiseerde geneesheer dokter Poortman wat reeds in 1877 afgetree het

maar altyd daarna nog bereid was om hulp te verleen (Haasbroek, 1955, p.35). Poortman se woning was op die suidoostelike hoek van Kruger- en Lombardstraat geleë. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het die eerste kanonskoot van die Engelse sy huis getref en n deel daarvan verwoes. Poortman self het ongedeerd daarvan afgekom. Poortman se pilletjies het tot lank na sy dood in 1892, bly voortbestaan in die dorp.

5.4.3. Vervoer.

n Passasierskoets het Woensdae-oggende om 10h00 in Potchefstroom, vanaf Pretoria, gearriveer en twee uur later vanaf die Royal Hotel Kroonstad toe vertrek. Die tarief vir n reis tussen Pretoria en Potchefstroom het £3:10 beloop en vir die tussen Potchefstroom en Kroonstad £2:10 (De Volkstem, 27 Maart 1880). Die koets het plek vir ses persone gehad en was getrek deur agt perde of soms agt muile.

Persone wat wou reis en wat nie van bogenoemde diens gebruik gemaak het nie, was vir hulle vervoer van perde, kakebeenwaens en ossewaens afhanklik. Die ossewa was n betroubare vervoermiddel wat al vanaf die vroegste geskiedenis van die Boere gebruik is om mee te trek en produkte na die mark aan te ry. Die kakebeenwa was ligter as die ossewa en kon nie groot vragte vervoer nie, maar was n sterk praktiese rytuig gewees. Dit was veral tydens Nagmaalfeeste dat kakebeenwaens vanoor die hele distrik op Kerkplein saamgetrek het.

Die tabel wat volg gee 'n aanduiding van die tydsduur van reise te perd vanaf Potchefstroom na die verskillende dorpe.

Potchefstroom na Bloemfontein	18 uur
Potchefstroom na Klerksdorp	5 uur
Potchefstroom na Rustenburg	12 uur
Potchefstroom na Heidelberg	14 uur
Potchefstroom na Utrecht	43 uur
Potchefstroom na Pretoria	18 uur

(Potgieter, 1958, p.98).

5.4.4. Vermaak.

Alhoewel daar teen 1880 geen teaters of moderne ontspanningsgeriewe bestaan het nie, het die kinders wel een of ander vorm van vermaak beoefen. Dit het egter soms uiting gevind in die vorm van kwaaijongstreke wat die erge van die dorpenaars op die hals gehaal het. So byvoorbeeld was klei-latgooi 'n gewilde speletjie en die landdros was naderhand verplig om sulke aktiwiteite stop te sit. Hy het die volgende waarskuwing aan die kinders se ouers gerig: "Een ieder word by dezen gewaarschuwd, hunne kinderen of onderhorigen te beletten met steenen, klippen of klei aan stokken gekloofd te goiën" (Goewerments Courant, 16 September 1859). Die landdros het ook bepaal dat daar nie met perde deur die dorpstrate gejaag kan word nie en dat kinders se hoepels of vlieërs nie erge mag veroorsaak nie (S.A.

Argiefstukke, Tvl. 6, p.297).

Potchefstroom se baie vrugtebome was verantwoordelik vir heelwat vrugtestelery en nagtelike eskapades. Daarteenoor het die Mooirivier met volop geelvisse daarin die ideale geleentheid gebied vir 'n rustige middag se visvang.

Vir die kinders was daar ook Sondagskooluitstappies gereël waartydens hulle op lekkernye en speletjies getrakteer is. Die volwassenes aan die ander kant het die geleentheid gehad om te dans. Alhoewel geen openbare danse gereël was nie was daar tot laat toe op privaat partytjies gedans.

Reeds in 1866 het die eerste perdewedrenne in die dorp plaasgevind en in die jare wat gevolg het gereeld vir vermaak gesorg (Argus, 15 Mei 1866). Die byeenkomste het 'n groot aantal toeskouers gelok en verrigtinge is dieselfde aand gewoonlik met 'n dinee afgesluit.

5.5. Pleine.

Met die uitgee van erwe en plase was daar met die oog op openbare byeenkomste grond as pleine uitgehou (Goewerments Courant, Mei 1861). Die gebied tussen Wolmarans-; Greyling-; Potgieter- en Gouwsstraat was bestem as Kerk- en Markplein (sien p.81). Die twee pleine het saam ongeveer agt hektaar beslaan en moes groot genoeg wees vir waens om daar te kon draai, osse moes uitgespan kon word en met nagmaal en fees-tye moes daar 'n wa en tentdorp kon verrys (Potgieter en

Theunissen, 1938, p.116).

Kerk- en Markplein was die fokuspunt van Potchefstroom en die spil waarom die dorp se ekonomiese bestuur en daaglikse bedrywigheede gewentel het. Om daardie twee pleine was van Potchefstroom se belangrikste geboue gegroepeer en woonhuise wat digter as elders in die dorp opmekaar gestaan het.

5.5.1. Kerkplein.

Kerkplein was gekenmerk deur die Hervormde Kerk wat in die middel van die plein geleë was. Die kerk was as een van die mooiste in sy tyd in Transvaal beskou (Trollope, 1878, p.121). Van die belangrikste geboue aan die westekant van die plein was die lang landdrosgebou met sy grasdak, poskantoor, die Algemene Boerenwinkel, prokureur Buskes se woonhuis, die regeringskool en die pastorie van die Hervormde Kerk. Hierdie geboue was van die Kerkplein geskei deur 'n ongegruisde straatjie. Aan die suidekant van die plein was die stewige winkel van J.R. Schikkerling die belangrikste gebou gewees.

Die oppervlakte van Kerkplein was baie ongelyk en waens het moeilik daaroor beweeg. Opmerklik het daar min bome op die plein gestaan. Enkele bome het voor die geboue aan die westekant gestaan waaronder stapels timmerhout, wat aan die winkels behoort het, gelê het.

Gedurende nagmaalfeeste wat elke drie maande plaasgevind het, het mense vanoor die hele distrik met hulle waens opgetrek Potchefstroom toe. In dié tyd het daar op Kerkplein 'n groot tentedorp verrys. Benewens die tente het uitgespanne waens, osse en perde wat rustig gestaan en wei het, die hele plein volgestaan. Boere het eenkant en groepies om 'n vuurtjie saamgetrek terwyl kinders saam gespeel het. Kerkplein was gedurende die nagmaalfees die middelpunt van bedrywighede in die dorp gewees.

Gedurende hierdie feestyd het predikante 'n bedrywige program gehad. Hulle moes kinders aanneem, babas doop, huwelike voltrek en nagmaal bedien. Vrolikheid en ontspanning het ook deel van die program uitgemaak. So het vleisbraai, volkspele en boeresport 'n besondere deel uitgemaak van die fees wat van drie tot vier dae gestrek het. Mense het aktief deelgeneem aan bedrywighede en op hierdie wyse het mense van die plaaslike gemeenskap en van die distrik mekaar intiem leer ken en 'n vriendskapsband tussen hulle geskep. Saans, as die bedrywighede van die dag tot stilstand gekom het, het die kerslig dof geskyn teen die tente en het liedere die stilte gevul. So 'n tentdorp was 'n indrukwekkende gesig gewees (Kotzé, 1934, p.480).

Boere wat van vêr gekom het om die nagmaalfees by te woon het van die geleentheid gebruik gemaak om by die plaaslike besighede en winkels aan te gaan en voorrade aan te vul vir eie gebruik. Boere met hulle groot hoede en vrouens met hulle kappies wat van winkel tot winkel beweeg het, was in

die tyd 'n algemene gesig. Na afloop van die nagmaalfees was Kerkplein verlate en het die fokuspunt van die dorp na die bedrywigheide op die Markplein verskuif.

5.5.2. Markplein.

Aan die oostekant van Kerkplein was die Markplein geleë wat ewe ongelyk as Kerkplein vertoon het en wat in somermaande oortrek was met gras. Slegs een klein geboutjie wat as die markhuis bekend gestaan het, het op die plein gestaan. In teenstelling met Kerkplein wat net oor kerkfeeste 'n bedrywigheid beleef het, was die Markplein dwarsdeur die jaar bedrywig. Dit was die middelpunt van ekonomiese bedrywigheide in die dorp en handelaars vanuit die suide het daar byeengekom om handel te dryf. Vendusies en veilings het daar plaasgevind terwyl wawragte handelware die hele plein volgestaan het, gereed om geruil of van die hand gesit te word.

Vir die plaaslike inwoners was die Markplein deel van hulle daaglikse lewe aangesien dit die enigste plek was waar varsprodukte aangekoop kon word. Aan die boere het die mark 'n bestaan verseker deurdat hulle produkte daar van die hand kon sit teen 'n redelike prys.

Die bekende Kaapse Handelsbank en Reid se winkel het aan die noordekant van die Markplein gestaan terwyl die Criterion hotel op die suidwestelike hoek geleë was (sien p.81).

Benewens die ekonomiese bedrywigheide het verskeie sportbyeenkomste op die plein plaasgevind. So byvoorbeeld is die Britse koning se verjaarsdag in 1877 op feestelike wyse op die plein gevier waartydens verskillende sportsoorte plaasgevind het (Tromp, 1879, p.309).

5.6. Samevatting.



Die groot aantal geboue, ekonomiese en sosiale bedrywigheide in Potchefstroom het van die dorp 'n florerende handelsentrum gemaak wat in al die behoeftes van sy inwoners voorsien het. Die kalmte en rustigheid wat in die dorp geheers het, het niks verraai van die onrus wat die Eerste Vryheidsoorlog sou meebring nie.

POTCHEFSTROOM TEEN 1880.

BRON:

THE TRANSVAAL WAR 1881. HERDRUK, NATAL MERCURY, JAN. 1881 - AUG. 1881.

POTCHEFSTROOM STADSRAAD 1939. DIE GESKIEDENIS VAN POTCHEFSTROOM (1838 - 1938). JOHANNESBURGSE PERS.



KRUGERSTRAAT

NIEUWSTRAAT

BERGSTRAAT

GREYLINGSTRAAT

NA KROONSTAD

GOUWESSTRAAT

→ TOEGSTE PASTORIE
↓
DR. POORTMAN

TUINE
ROCHER
HERV. PASTORIE
SKOOL
BUTNER KANTOOR
BUSKES WOONHUIS
STALLE
POSKANTOOR
LANDROSKANTOOR
ALG. BOEREWINKEL

↑ N.G. KERK
↑ WOONHUISE

RETIEFSTRAAT
WOONHUISE
ZEILER KANTOOR
CENTRAL CHAMBERS
PAKHUISE
FORESSMAN WINKEL

LOMBARDSTRAAT

OPENBARE TUINE
KRAPSE HANDELSBANK
TUINE
POTGIETERSTRAAT

KERKPLEIN
NED. HERV. KERK

→ ROYAL HOTEL
→ BLUE POST
→ ST. MARY'S ANGLIKAANSE KERK
→ STANDARD BANK
→ HOLLINS HOLDER
→ KEND
VAN ECK KANTOOR

MARKPLEIN
MARKGERBOU

KERKSTRAAT
WESLEYAANSE KERKGERBOU
PAKHUIS
BORRIJUS DRUKKERY

GOUWESSTRAAT

GOETZ WONING